OOSTELIKE SINODE

VAN DIE NG KERK

Ekologie Taakspan
Oostelike Sinode

Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei...

UITVOERENDE AMPTENAAR
TEL (012) 804-9543/4
E-POS ontvangs@sinoos.co.za WEBBLAD www.sinoos.co.za

18 Junie 2024

Liewe Ekovriende

Wat 'n wonderlike voorreg gaan ons weer hê om die skepping te beleef en na 'n kenner te luister. Soos gewoonlik, is hierdie weer een van die hoogtepunte waarna ons uitsien.

Die reëlings is soos volg:
Ons kuier by die saal op De Voetpadkloof.

Dié van ons wat Saterdag en Sondag wil stap, kan dus net 'n klein rugsak met peusel- en drinkgoed saamdra.

Jy kan vanaf 15:00 op die 29ste November arriveer. Probeer om nie later as 17:00 daar te wees nie, asseblief – veral as jy moet tent opslaan.

Ons het Saterdag heelwat tyd vry om ons eie ding te doen. Vergelyk aangehegte program.

Etes:

- Etes:
  Elkeen sorg vir hulle eie etes. Saterdagaand braai ons saam. Pap en sous word voorsien.

- Saterdag- en Sondagoggend is daar koffie en beskuit.

- As jy lus het vir iets anders as koffie / tee om te drink, moet jy dit asseblief ook saambring.

Jy bring:

- Swemklere.
- Bring ook 'n reënjas. (Dit ís mos somer en ons ís mos bly oor reën.)
- As jy 'n musiekinstrument speel, bring dit asseblief saam.
- Kampstoele.
- Persone wat kampeer, bring uiteraard hulle eie tente, beddegoed, eetgerei, ens.
- Onthou jou medisyne as jy dit gereeld moet gebruik.

Ekogroete.

Thinus Prinsloo.
Selfoon: 082 920 6852